
# 143 God wees met u tot ons weer ontmoet




God wees met u tot ons weer ontmoet,
in sy vleuelskadu hoed Hy,
met sy daagliks’ manna voed Hy;
God wees met u tot ons weer ontmoet!

***R.****Weer ontmoet, weer ontmoet,*
*weer ontmoet in heerlikheid,*
*weer ontmoet, weer ontmoet;*
*God wees met u tot ons weer ontmoet!*

God wees met u tot ons weer ontmoet,
deur gevaar en bitter lyding,
skenk sy almag ons bevryding;
God wees met u tot ons weer ontmoet! ***R.***

God wees met u tot ons weer ontmoet,
hou sy liefdevaandel oor u,
gaan die doodsdal deur steeds voor u,
God wees met u tot ons weer ontmoet! ***R.***

Jeremiah E. Rankin (1828-1904) W.G. Tomer (1833-96)